RIO TINTO

Ons Werkswyse

Julie 2003
www.riotinto.com

Ons verklaring van sakepraktyk

Rio Tinto

Rio Tinto is ‘n wêreldleier op die gebied van die ontdekking, ontginning en verwerking van die aarde se minerale hulpbronne. Die Groep se wêreldwye werksaamhede verskaf noodsaaklike minerale en metale wat help om in die behoeftes van die wêreld te voorsien en bydra tot die verbetering van lewenstandaarde. Rio Tinto moedig sterk plaaslike identiteite aan en maak gebruik van ‘n filosofie van oordragsbestuur waar verantwoordelikheid met aanspreeklikheid na die werkplek oorgedra word.

Ten einde voortdurend uitmuntende winste aan aandeelhouers te lewer, benader Rio Tinto die Groep se sake voortdurend op verantwoordelike wyse. Ons konsentreer daarop om hoë gehalte ertsmassas te ontwikkel tot groot, volgehoue en doeltreffende operasies wat in staat is om kompeterende voordele te handhaaf deur sakesiklusse.

Die belangrikste produkte sluit aluminium, koper, diamante, energieprodukte (steenkool en uraan), goud, nywerheidsminerale (boraks, titaanoksied, sout, talk en sirkoon) en ystererts in. Die Groep se aktiwiteite strek wêreldwyd, maar word sterk verteenwoordig in Australië en Noord-Amerika, met beduidende ondernemings in Suid-Amerika, Asië, Europa en suidelike Afrika.

Oral waar Rio Tinto funksioneer, is gesondheid en veiligheid ons eerste prioriteit. Ons poog om by te dra tot volhoubare ontwikkeling. Ons werk so nou as moontlik saam met ons gasheerlande en -gemeenskappe, terwyl ons ook hulle wette en gebruike respekteer. Ons beperk negatiewe invloede tot die minimum en streef daarna om elke aspek van die werkverrigting te verbeter. Ons neem plaaslike mense op alle vlakke in diens en verseker dat regverdige en onpartydige oordrag van voordele plaasvind asook dat geleenthede bevorder word.

Ons sukses as ‘n onderneming berus nie alleen op ons vaardighede en die kwaliteit en verskeidenheid van die Groep se bates nie, maar ook op ons gesamentlike verbintenis om ‘n betroubare wêreldvennoot en ‘n goeie plaaslike buurman te wees.

Inhoud

Iets oor *Ons Werkswyse* 2

Goeie sakevernuf 3

Openhartigheid en aanspreeklikheid 4
Deursigtigheid 4
Sake-integriteit 4
Korporatiewe bestuur 5
Interne kontrole en verslaggewingsprosedures 5

Korporatiewe beleide 7
Gemeenskappe 7
Indiensneming 8
Omgewing 8
Menseregte 9
Grondgebruik 9
Beroepsgesondheid 10
Politieke betrokkenheid 10
Veiligheid 10
Volhoubare ontwikkeling 11

Bylaag 12
Sommige internasionale ooreenkomste wat deur Rio Tinto ondersteun word 12
Rio Tinto se eie aanvullende rigtinggewende dokumente 13

Iets oor *Ons Werkswyse*

***Ons Werkswyse* is Rio Tinto se verklaring van sakepraktyk, en vat die Groep se beginsels en beleide vir al sy werknemers saam. Dit is ontwerp om te verseker dat ons almal die hoë standaarde en waardes wat ons met mekaar deel, in ons daaglikse werk weerspieël, met aanspreeklikheid, regverdigheid, integriteit en openhartigheid as die belangrikste komponente.**

Die beleide in *Ons Werkswyse* is deur die Rio Tinto-raad aanvaar na uitgebreide interne sowel as eksterne bespreking. Dit word oorgedra na die Groep se maatskappye, saam met die nodige voorligting en ondersteuning. Die Groep se maatskappye pas dit dan in die praktyk toe deur middel van plaaslike gedragskodes en rapporteer terug oor die uitvoering daarvan.

Sedert die eerste uitgawe van *Ons Werkswyse* in 1997 verskyn het, het die verwagtinge van gesamentlike verantwoordelikhede toegeneem. Alhoewel ons waardes en beginsels onveranderd bly, het ons reaksies daarop wyer uitgekring en verder ontwikkel en dit word nou in hierdie hersiene 2003-uitgawe weergegee.

In ons voorbereiding van hierdie dokument het ons weer eens betekenisvolle insette van binne sowel as nuttige kommentaar van buite ontvang, waarvoor ons dankbaar is. Ons sal voortgaan om hierdie sake aan te spreek soos hulle na vore kom om te verseker dat *Ons Werkswyse* tersaaklik bly.

Ons Werkswyse is van toepassing op alle ondernemings wat onder Rio Tinto se bestuur val, en word gerugsteun deur bepaalde rigtinggewende dokumente, insluitend versekeringsmeganismes en bewyse van meelewing.

Die gedragskodes van die Groep se ondernemings is nie uitvoerige lyste van "moets en moenies" nie, maar vasgestelde standaarde vir goeie gedrag en prosedures in geval van oortredings, asook bykomende verantwoordelikhede en dryfvere vir bestuurders wat 'n hoë vlak van mensvaardighede moet handhaaf.

Rio Tinto verwag van sy sakevennote soos vennootmaatskappye, of gesamentlike projekte waar ons nie die verantwoordelikhede vir die werk dra nie, sowel as van hoofkontrakteurs, verskaffers en andere by wie ons op 'n betekenisvolle manier betrokke is, dat hulle self hoë standaarde sal handhaaf. Ons lig hulle in wat Rio Tinto se beginsels en beleide is, en werk met hulle saam waar nodig. Sodoende steun ons hulle in hulle aanvaarding van beleide wat met ons s'n ooreenstem. Rio Tinto is bereid om aan sakeverhoudings te onttrek indien enige van die vennote nie aan ons waardes voldoen nie.

Goeie sakevernuf

Rio Tinto het die sakewêreld betree om waarde daar te stel deur nuwe, wêreldklas-neerslae te vind en te ontwikkel, en om die Groep se werksaamhede op 'n veilige, verantwoordelike en bekwame wyse te bestuur en uiteindelik te sluit. Om dit te kan doen, handhaaf ons 'n gedissiplineerde en geïntegreerde benadering tot die ekonomiese, sosiale en omgewingsaspekte van al ons aktiwiteite.

Ons ontleed beleggingsmoontlikhede noukeurig, en plaas gesonde bestuurstrategieë in plek om blywende voordele te lewer en om enige ongunstige omstandighede te hanteer. Ons vind maniere om alle aspekte van die Groep se prestasies te laat uitstaan deur beste praktyk te lewer of te weerspieël, en deur by te dra tot die wêreldwye oorgang na volgehoue ontwikkeling.

Ons erken en aanvaar die groeiende verwagtinge van internasionele maatskappye binne die begrensing van ons waardes en posisie in die sakewêreld. Rio Tinto se beleide en praktyke is ontwerp om risiko's raak te sien, om skade aan mense of die natuurlike omgewing te voorkom en om effektiewe verhoudings te ontwikkel, binne sowel as buite die werkplek.

Hierdeur dra die Groep by tot die welsyn van gemeenskappe rondom ons werksverrigting, en voorsien die hulpbronne wat die gemeenskap nodig het. Hierdie benadering is die fondament waarop die Groep se sukses berus.

Rio Tinto ondersteun en ontwikkel Groepstandaarde. Ons maak gebruik van interne en onafhanklike terugvoer, kontrole en versekeringsmeganismes in ooreenstemming met wêreldwye sowel as plaaslike verantwoordelikhede. Ons verwelkom dialoog met en betrokkenheid by diegene wat ook belang het by die voortdurende verbetering van ons prestasie deur mekaar te verstaan en van mekaar te leer.

Ons antisipeer, neem deel aan ontwikkeling en belê in innoverende sakebenaderings om sakegedrag in lyn te bring met die algemeen aanvaarde beginsels van die beste internasionale praktyke, insluitend korporatiewe bestuur.

Openhartigheid en aanspreeklikheid

Ons bestuur die Groep se belange op 'n verantwoordbare en deursigtige wyse, en weerspieël die belange van Rio Tinto se aandeelhouers, werknemers, gasheergemeenskappe en kliënte asook andere wat deur die Groep se bedrywighede geraak word.

Deursigtigheid

Ons verbind ons, in beginsel sowel as in die praktyk, tot maksimum deursigtigheid in ooreenstemming met goeie bestuur en kommersiële vertroulikheid.

Rio Tinto versprei verstaanbare, aktuele inligting aangaande die Groep se operasionele prestasies en finansiële posisie. Ons kontroleer die akkuraatheid daarvan, intern sowel as onafhanklik, soos wat die situasie vereis. Ons vermy selektiewe openbaarmaking.

Ons stel nodige inligting beskikbaar aan toepaslike agente binne die jurisdiksie van die Groep se ondernemings en versprei dit oral waar Rio Tinto-aandele verhandel word, in die media sowel as direk, insluitend op ons eie webtuistes. Ons verskaf uitvoerige data aangaande sosiale en omgewingsprestasies in afsonderlike jaarverslae. Dit dek die Groep en al die Groep se ondernemings, en brei ook die gehalte en hoeveelheid van algemeen beskikbare data uit.

Toegang tot gepubliseerde materiaal kan verkry word deur Rio Tinto se eksterne webtuiste, www.riotinto.com. Hierdie tuiste en die Groep se intranet skakel altwee met ander webtuistes wat deur die Groep se ondernemings in stand gehou word. Dit bied maklik toegang tot 'n wye verskeidenheid van addisionele, uitvoerige inligting rakende plaaslike werksaamhede. Belangrike gebeurtenisse, insluitend finansiële uitslagvoorleggings en seminare oor strategie en korporatiewe sosiale verantwoordelikheid is ook beskikbaar op Rio Tinto se internet-webtuiste, soos dit plaasvind en ook as 'n naslaanbron.

Rio Tinto soek en verwelkom opbouende kritiek. Ons gebruik persoonlike en skriftelike kommunikasie en formele griewe-prosedures binne die werkplek. Ons het ook 'n bykomende onafhanklike en vertroulike kommunikasiestelsel en terugvoer vir idees of bekommernisse rakende enige aspek van Rio Tinto of die gedrag van individue, sonder vrees vir wedersydse verwyte, deur die Groep se *Speak-OUT* stelsel.

Sake-integriteit

Ons beheer Rio Tinto se sake te alle tye met integriteit, eerlikheid en regverdigheid en bou op 'n fondament ooreenkomstig relevante plaaslike wette en reëls en met internasionale standaarde.

Ons ondersteun vrye en regverdige mededinging. Ons bevorder die oppergesag van die reg asook die Groep se hoë standaarde waar ons ook al in die wêreld funksioneer. Ons het 'n samewerkingsprogram ingebring wat deur alle Groepsondernemings geïmplementeer moet word. Dit is gebaseer op 'n voordurend ontwikkelende stelsel van opleiding, monitering en gereelde kontrole en balans.

Omkopery in enige vorm is verbode. Ons belowe nie omkoopgeld nie, bied dit nie aan nie en aanvaar dit nie, en dit geld vir enigiets

wat direk of indirek as omkoopgeld gesien kan word.

Ons betaal alleenlik vir wettige dienste en dan teen ‘n prys wat die werklike markwaarde daarvan weerspieël. Ons onderhandel met sakevennote, verteenwoordigers en tussengangers nadat ons hulle op hoogte gebring het van Rio Tinto se beleid en verseker is dat hulle nie ongemagtigde betalings indirek namens die Groep sal maak nie.

Ons maak enige belangrike transaksie of verhouding openbaar wat moontlik aanleiding kan gee tot botsende belange, maar poog om dit te vermy. Geskenke en onthale word slegs aangebied of aanvaar vir gebruiklike sosiale en sakedoeleindes, en dan ook net op ‘n vlak wat aanvaarbaar is vir plaaslike omstandighede.

Korporatiewe bestuur

Rio Tinto is verbind tot hoë standaarde van korporatiewe bestuur, aanspreeklikheid en verantwoordelikheid.

Al Rio Tinto Bpk. en Rio Tinto plc se aandeelhouers is in dieselfde ekonomiese posisie as sou hulle aandele in Rio Tinto as ‘n enkelonderneming gehad het. Hulle is deel van besluitneming oor sake wat almal raak deur ‘n gesamentlike verkiesingsprosedure.

Rio Tinto se direkteure dien gemeenskaplik in albei Rio Tinto se maatskappye. In ooreenstemming met beste praktyk bestaan die raad uit ‘n samestelling van uitvoerende en nie-uitvoerende amptenare, met ‘n gevolglike balans tussen innoverende denke en sakekennis en -ervaring. Samewerkingskontrole sowel as prosedures vir risikobestuur.

Al die direkteure het volle en tydige toegang tot enige inligting wat hulle sou benodig om hulle pligte en verantwoordelikhede ten volle en effektief na te kom. Die direkteure het raadskomitees daargestel wat aan die basis lê van goeie korporatiewe bestuur, beste praktyk en kontrole, nl. die *Nominasiekomitee,* die *Ouditkomitee,* die *Vergoedingskomitee* en *die Komitee vir sosiale en omgewingsaanspreeklikheid.*

Die direkteure se belange in Rio Tinto is ten volle bekend. Direkteure en aangewese werknemers word verbied om op die kort termyn met Rio Tinto-aandele handel te dryf, asook om gedurende “toe periodes” besigheid te doen. Niemand mag sensitiewe prysinligting aan ander verskaf of self enige Rio Tinto-aandele in hulle besit verhandel nie.

Interne kontrole en verslaggewingsprosedures

Ons verslae en finansiële state is ‘n getroue en eerlike weergawe van ons besigheid.

Inhoud eerder as vorm is die basiese beginsel van Rio Tinto se verslaggewing. Ons benader finansiële en nie-finansiële sake met dieselfde erns.

Ons interne kontrolesisteem hersien finansiële, operasionele en samewerkingskontrole sowel as prosedures vir risikobestuur. Dit is in ooreenstemming met ‘n verantwoordelike raming en vermindering van risiko’s om redelike versekering teen materiële misverstande of verlies te voorsien. Die leiers van die Groepsondernemings voltooi elke jaar ‘n omvattende vraelys om te bevestig dat Rio Tinto se interne kontrolestelsel doeltreffend deur die hele Groep werk.

Openhartigheid en aanspreeklikheid

Ons gebruik die mees gepaste rekeningkundige en verslaggewingsbeleide wat ons konsekwent toepas en rugsteun deur redelike en omsigtige menings. Ons finansiële state word volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels voorberei.

Rio Tinto verwag van sy direkteure, senior bestuurslede, finansiële bestuurders en ander personeellede wat moet beslis oor die voorbereiding van finansiële state, om met integriteit, eerlikheid en in ooreenstemming met die etiese standaarde van hulle beroep of onderneming op te tree.

Enigiemand wat bewus raak van of 'n vermoede het van enige skending van ons verbintenis behoort, en word aangemoedig om, sodanige feite of vermoedens aan die senior bestuur of aan Rio Tinto se Ouditkomitee, volgens goeddunke, deur te gee. Dit kan direk gedoen word of deur Rio Tinto se *Speak-OUT-program.*

Korporatiewe beleide

Die groeiende wêreldbevolking benodig minerale en metale vir volgehoue ontwikkeling. Ons doen ons bes om dit op so 'n manier te ontgin en te voorsien dat dit tot voordeel van hierdie asook volgende geslagte sal strek. Ons gebruik gemeenskaplike waardes en standaarde oral waar die Groep werk, en poog deurentyd om die verskillende wette, kulture, tradisies, gebruike en indiensnemingspraktyke daar te respekteer.

Ons erken dat voortreflikheid in die bestuur van Rio Tinto se verantwoordelikhede ten opsigte van gesondheid, veiligheid, omgewing en die gemeenskap noodsaaklik is. Ons weet ook dat goeie werkverhoudings, intern sowel as ekstern, aan die basis van die Groep se volgehoue sukses lê. Ons streef daarna om konstruktief met plaaslike gemeenskappe, regerings en ander in die openbare en privaat sektore, insluitend nie-regeringsorganisasies, saam te werk.

Rio Tinto se beleide wat die standaard van ons benadering onderlê, volg nou.

Gemeenskappe

Ons vertrekpunt is die daarstel van blywende verhoudings met ons bure wat gekenmerk word deur wedersydse respek, aktiewe vennootskap en 'n langtermyn verbintenis.

Goeie bestuur van verhoudings binne die gemeenskap is net so nodig vir ons besigheid se sukses as die bestuur van ons werksaamhede. Om goed te kan presteer vereis dat dat ons almal verantwoordelikheid vir gemeenskapsverhoudinge sal aanvaar. Ons omskryf plaaslike ooreenkomste in deurlopende *Vyf-jaar gemeenskapsplanne* wat al die operasies voorlê en elke jaar bywerk. Die planne word uiteengesit binne die samehang van hierdie beleid en word toegepas deur al die lewensiklusse van die Groep se bedrywighede.

Wedersydse respek is afhanklik van ons begrip vir die kwessies wat belangrik is vir ons bure en van ons bure se begrip vir dit wat vir ons belangrik is. Waar ons ook al werk, doen ons ons bes om die verskillende kulture, lewenstyle, oorlewerings en voorkeure van ons bure in ag te neem, veral in gebiede waar daar nog min nywerheidsontwikkeling plaasgevind het. Ons gemeenskappe en omgewingswerk is in noue verband met mekaar en neem kennis van mense se indruk van die effek en gevolge van ons aktiwiteite.

Ons bevorder aktiewe vennootskappe op internasionale, nasionale, streeks- en plaaslike vlakke. Dit is gebaseer op wedersydse toewyding, vertroue en openhartigheid. Ons verhoudings met gemeenskappe behels raadpleging om nuwe fasiliteite te open, om bestaande fasiliteite te bestuur en om hulle te sluit wanneer hulle nie meer produktief is nie. Op hierdie manier ondersteun ons gemeenskapsgebaseerde projekte wat op volgehoue wyse 'n verskil kan maak sonder om afhanklikheid te skep. Verder ondersteun ons streeksontwikkeling en -opleiding, indiensneming en kleinsake-geleenthede. In ontwikkelende lande word ons dikwels versoek om gesondheid, onderwys en landbouprogramme te steun en, in samewerking met ander, help ons waar dit prakties moontlik is.

Korporatiewe beleide vervolg

Indiensneming

Ons vereis veilige en doeltreffende arbeidsverhoudings op alle vlakke rondom die Groep. Terwyl ons verskillende kulture, tradisies en praktyke van indiensneming respekteer, deel ons ook gemeenskaplike doelwitte, veral die uitskakeling van beserings binne die werkplek, en is verbind tot goeie korporatiewe waardes en etiese gedrag.

Rio Tinto neem mense volgens werksbehoefte in diens en diskrimineer nie op grond van ouderdom, etniese of sosiale oorsprong, geslag, seksuele oriëntasie, politiek of godsdiens nie. Ons mag soms uitsonderings maak om plaaslike mense aan te stel waar plaaslike wette dit vereis. Die Groep maak nie van gedwonge, massa- of kinderarbeid gebruik nie.

Om opgelei te word om te werk en dan in veilige, gesonde en omgewingsverantwoordelike toestande te werk, is ons hoogste prioriteit. Verder glo Rio Tinto daaraan om werknemers in staat te stel om volgens hulle vermoë te ontwikkel. Ons verbeter ons vaardighede en bevoegdhede deur prestasies gereeld in oënskou te neem, potensiaal te erken, onderwys, opleiding en afrigting waar nodig te laat plaasvind, en geleenthede tot professionele ontwikkeling binne die Groep te bied.

Rio Tinto verwag van bestuurders om modelle van die hoogste standaarde van gedrag te wees. Ons behandel mekaar en dié van buite met wie ons onderhandel met waardigheid, regverdigheid en respek. Ons waak teen teistering in die werkplek en misbruik nie ons posisies of fasiliteite vir persoonlike doeleindes nie. Ons respekteer ons verpligtinge teenoor ons kollegas en werkgewer. Ons werk saam binne en oor besigheids-, kultuur- en landsgrense heen om prestasie te verhoog.

Groepsorganisasies se gedragskodes vestig gesonde werkstoestande en dissiplinêre prosedures. Die Groep implementeer onpartydige en deursigtige aanmoediging- en vergoedingsisteme. Rio Tinto erken elkeen se reg om te kies of hulle gesamentlik verteenwoordig wil word of nie.

Ons leef *Ons Werkswyse* en ons gedragskode ten volle uit.

Omgewing

So ver moontlik verhoed of verminder, temper en herstel ons nadelige effekte van die Groep se werksaamhede op die omgewing.

Uitnemendheid in omgewingsprestasie is noodsaaklik vir die sukses van ons besigheid. Die nakoming van alle omgewingswette en -regulasies is die basis waarop ons ons omgewingsprestasie bou. Ons ondersteun en moedig verdere optrede aan deur te help met die ontwikkeling en implementering van internasionaal-erkende bestuurstelsels en vrywillige verbintenisse.

Eweneens gebruik ons ‘n omvattende begrip van die volle lewensiklus en veilige gebruik van ons produkte om te verseker dat al hulle voordele in werking gestel word.

Ons ontwikkel omvattende Groepstandaarde en bou sisteme op wat omgewingsrisiko’s kan identifiseer, evalueer en bestuur. Hierdie standaarde is van toepassing op elke fase van prospekteerwerk,

ontwikkeling, werkverrigting en beëindiging, sowel as waardebepalings van dit wat verkry en dit waarvan afstand gedoen is, om aanhoudende verbetering in omgewingsprestasie te bereik. Ons werk ook saam met gasheergemeenskappe, regerings, kliënte, verskaffers en ander vir dieselfde doeleindes.

Ons verkry versekering aangaande die implementering van ons omgewingsbeleid, intern sowel as ekstern, deur gereelde ouditering, oorsigte en verslae. Elke Groepsonderneming stel 'n aparte sosiale en omgewingsverslag op vir sy plaaslike gemeenskappe.

Menseregte

Ons ondersteun menseregte in ooreenstemming met die Universele Verklaring van Menseregte en Rio Tinto respekteer daardie regte in die bestuur van sy werksaamhede wêreldwyd.

Ons poog om te verseker dat Rio Tinto se teenwoordigheid gesonde verhoudings bevorder en burgerlike konflik vermy waar ons ook al is. Rio Tinto respekteer en ondersteun die waardigheid, welsyn en regte van die Groep se werknemers, ons gesinne en die gemeenskap waarbinne ons leef, sowel as ander wat deur die Groep se werksaamhede geraak word.

Waar sodanige regte bedreig word, poog ons om internasionale standaarde te handhaaf en om situasies te vermy wat gesien sou kon word as aanvaarding van die skending van menseregte. Ons maak seker dat ons toerusting en fasiliteite nie misbruik word vir die skending van sodanige regte nie. Die Groep se prosedures vir die gebruik van sekuriteitspersoneel is gebaseer op die beginsels van menseregte en bevat riglyne vir en beperkinge op die gebruik van geweld. Hierdie prosedures word versterk deur opleiding en is van toepassing op gekontrakteerde sekuriteitspersoneel sowel as op die Groep se werknemers.

Ons soek na geleenthede om positiewe pogings te steun wat 'n wyer begrip vir die waardes van menseregte bevorder, veral waar hulle die Groep se plaaslke gemeenskappe raak. Ons wil met ander dialoog voer wat gerig is op 'n praktiese gemeenskaplike poging om respek vir menseregte te bevorder, in ooreenstemming met die rol van die besigheid.

Grondgebruik

In ons pogings om die wydste moontlike steun vir ons voorstelle deur die hele lewensiklus van die Groep se aktiwiteite te kry, koördineer ons ekonomiese, tegniese, omgewings- en sosiale faktore tot een geïntegreerde proses.

Ons benut en gebruik grond, herstel onvermydelike invloede en werk met plaaslike gemeenskappe saam om hulle in hulle behoeftes by te staan so doelmatig en doeltreffend as wat ons kan. In alle gevalle behels dit voortgesette onderhandeling met plaaslike mense, openbare gesag en ander wat daardeur geraak word. Ons aanvaar dat dit daartoe mag lei dat ons soms nie prospekteer nie of werksaamhede nie ontwikkel nie, selfs al word ons deur die wet toegelaat om dit te doen.

Ons is besonder ernstig met 'n vooraf-evaluering van die effek van ons werksaamhede in gebiede met hoë

bewarings- of erfeniswaarde. Ons werk met ander saam om gepaste metodes van bedagsaamheid en bestuur te ontwikkel en dit dan dop te hou en te verseker dat beste praktyk gevolg word.

Grondeise kan gebaseer word op tradisionele eiendomsreg sowel as op landswette. Plaaslike en nasionale beleide ten opsigte van grondgebruik mag ook verskil. Ons doel is om beduidende gapings tussen gewettigde en gebruiklike reëlings te oorbrug deur die bes moontlike begrip van die betrokke kwessies te hê.

Waar eiendom geraak word, word die waarde daarvan bepaal en dan word daar wedersyds op gepaste vergoeding besluit. Indien raamwerke nie bestaan nie, werk ons met ander saam om regerings aan te moedig en te help om tersaaklike konsultasieprosesse in plek te kry.

Tydens mynwerksaamhede mag ons surplusgrond vir operasionele behoeftes gebruik vir ‘n verskeidenheid van oogmerke. Dit sluit behuising, onderwys-, gesondheids- en ontspanningsfasiliteite in asook voedselproduksie, bosbou, beskerming van die habitat en biodiversiteitsbewaring.

Wanneer werksaamhede beëindig word, voltooi ons die herstel van die grond waar ons gewerk het in oorleg met ons bure en in ooreenstemming met beste omgewingspraktyk, toepaslike wette en regulasies.

Beroepsgesondheid

Ons streef daarna om ons fisiese gesondheid en welsyn in die werkplek te beskerm.

‘n Gesonde werkmag dra by tot sukses in die besigheid. Ons het ons daartoe verbind om nuwe gevalle van beroepsiekte te voorkom en het ten doel om jaar na jaar betekenisvolle afname in hierdie gevalle te bereik deur die deurlopende identifisering, evaluering en kontrole van blootstelling binne die werkplek.

Ons het ‘n stel kernstandaarde vir beroepsgesondheid ontwikkel. Ons pas hierdie standaarde toe tesame met onderwys, opleiding en die daarstel van stelsels en prosedures.

‘n Proses van versekering wat gereelde ouditering, oorsigte en verslae behels, meet tot watter mate daar aan ons beroepsgesondheidsbeleid en -standaarde voldoen word.

Politieke betrokkenheid

Rio Tinto neem nie direk of indirek deel aan partypolitiek nie, en maak geen bydraes vir politieke partye of individuele politici nie.

Rio Tinto stel sy sienings aan die regering en ander voor oor sake wat sy besigheidsbelange asook dié van aandeelhouers, werknemers en ander wat by ons bedrywighede betrokke is, raak. Deur sodanige openbare dialoog te bevorder, dra ons by tot die ontwikkeling van gesonde wetgewing en regulasies wat relevant is en van toepassing is op ons besigheidsbelange.

Daar is niks in Rio Tinto se beleid wat beoog om individue te beperk om in hulle persoonlike hoedanigheid as landsburgers aan die politieke proses deel te neem nie.

Veiligheid

Veiligheid is ‘n kernwaarde en ‘n hoofprioriteit; ons doel is geen beserings.

Elkeen se gedrag dra by tot ‘n beseringsvrye werkplek; volle en konsekwente implementering van en verantwoordbaarheid vir Rio Tinto se omvattende standaarde, riglyne, stelsels en prosedures word wêreldwyd vereis.

Saam daarmee bou ons ‘n ondersteunende veiligheidskultuur op wat sigbare leierskap, voortgesette onderwys en opleiding en ‘n hoë vlak van deelname deur almal in die werkplek vereis.

Ons plaas ‘n ononderhandelbare klem op die identifiseer van gevaar, risiko-evaluering en risikobestuur. Ons meet versekering deur operasionele, korporatiewe en eksterne ouditering en prosesse van verslaggewing.

Volhoubare ontwikkeling

Rio Tinto se besighede, projekte, werksaamhede en produkte behoort konstruktief by te dra tot die wêreldwye oorgang na volhoubare ontwikkeling.

Ons dra by tot volhoubare ontwikkeling deur mee te help om in wêreldwye en gemeenskapsbehoeftes en -aspirasies te voorsien, hetsy ekonomies, sosiaal of omgewingsgerig. Dit beteken dat ons beskouings oor volhoubare ontwikkeling ’n integrale deel uitmaak van ons besigheidsplanne en besluitnemingsprosesse.

Deur te fokus op mense, die omgewing, die verantwoordelike gebruik van hulpbronne en beheersisteme kan ons risiko beter hanteer, besigheidsopsies skep, kostes verminder, die beste werknemers lok, toegang verkry tot nuwe markte en hulpbronne en ‘n beter produk aan ons kliënte lewer.

In die praktyk hang dit af van die aktiewe bewustheid van en steun vir Rio Tinto se beginsels en beleide deur almal van ons as individue.

Bylaag

Sommige internasionale ooreenkomste wat deur Rio Tinto ondersteun word

- **Australian Minerals Industry Code for Environmental Management**
  www.minerals.org.au/downloads/pdf/Code2000.pdf
- **Global Sullivan Principles of Social Responsibility**
  www.globalsullivanprinciples.org/principles.htm
- **International Chamber of Commerce Business Charter for Sustainable Development**
  www.iccwbo.org/home/environment/charter.asp
- **International Council on Metals and Minerals Sustainable Development Framework**
  www.icmm.com
- **International Labour Organisation Convention 169: Concerning Indigenous and Tribal Peoples in Independent Countries**
  www.unhchr.ch/html/menu3/b/62.htm
- **International Labour Organisation Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work**
  www.ilo.org/public/english/standards/decl/declaration/text/tindex.htm
- **Organisation for Economic Cooperation and Development Convention on Bribery and Corruption**
  www.oecd.org/pdf/M00007000/M00007323.pdf
- **Organisation for Economic Cooperation and Development Guidelines for Multinational Enterprises**
  www.oecd.org/pdf/M00021000/M00021070.pdf
- **United Nations Universal Declaration of Human Rights**
  www.un.org/Overview/rights.html
- **United Nations Global Compact**
  www.unglobalcompact.org/
- **US/UK Voluntary Principles on Security and Human Rights**
  www.state.gov/www/global/human_rights/001220_fsdrl_principles.html
- **World Economic Forum Global Corporate Citizenship Statement**
  www.weforum.org/pdf/GCCI/GCC_CEOstatement.pdf

Rio Tinto se eie aanvullende rigtinggewende dokumente

- **Business integrity guidance**
- **Compliance guidelines**
- **Corporate governance guidelines**
- **Environment standards**
- **Financial disclosure guidelines**
- **Human rights guidance**
- **Occupational health standards**
- **Rules for dealing with Rio Tinto effects**
- **Safety standards**

Hierdie dokumente verskaf bykomende leiding op spesifieke beleidsterreine. Verdere bronne is ook beskikbaar op Rio Tinto se intranet en internet webtuistes.

Gerieflikheidshalwe gebruik ons “Rio Tinto” om Rio Tinto Beperk en Rio Tinto plc en hulle geaffilieerde maatskappye te beskryf, alhoewel hulle almal onafhanklik bestuur word as aparte en onderskeibare entiteite. Rio Tinto plc en Rio Tinto Beperk is verenig in ‘n dubbelgelyste maatskappystruktuur as ‘n enkele ekonomiese entiteit.

RIO TINTO

Minerale en metale vir die wêreld

Rio Tinto plc
6 St James's Square
London SW1Y 4LD
England

Phone: +44 (0)20 7930 2399
Fax: +44 (0)20 7930 3249

Rio Tinto Limited
55 Collins Street
Melbourne
Victoria 3001
Australia

Phone: +61 (0)3 9283 3333
Fax: +61 (0)3 9283 3707

Uitlegkonsultante Tor Pettersen & Partners
Gedruk in Engeland deur The Beacon Press met hulle *pure*print® tegnologie
Rio Tinto plc en Rio Tinto Beperk
07/2003/AFRIK